
Vera: Goed. Baie dankie. Ons kom weer terug. Moet hom nie opbreek nie....Teunis, Teuns, jy't lank gevat.

Teuns: Ja.

Vera: Vertel vir ons.




Teuns: Dis 'n gesig.

(*) feels /feeling of wortlesness
(*) feels rejected

Vera: Wil jy dalk net wys vir die ouens daai kant.

Teuns: Dit is hoe ek voel, soos wat ek nou is. Net 'n gesig, 'n skim. Ek is niks werd in die lewe nie. Hulle't my gelos.

(*) thrown away
(*) feels worthless
(*) rejection from children

Vera: Hulle't my gelos?

Teuns: Ja, die kinders. Hulle wil my nie meer hê nie. Dogter en klienkinders.

Vera: Kan julle hoor wat sê Teuns? Sy kinders en sy kleinkinders het hom gelos. Hy voel soos 'n skim, van wat hy eers was, net 'n kop.... Wil jy nog?

Teuns: 'n Gedagte.

(*) feels like just a though
(*) feels unimpotant

Vera: 'n Gedagte?

Teuns: Ja. Vir my voel dit of ek nie meer bestaan vir hulle nie.

Vera: Dit voel nie of jy meer vir hulle bestaan nie.

Teuns: Ja.

Vera: Voel dit vir jou of jy vir jouself nog bestaan?

(*) low self-worth.

Teuns: Somtyds nie.

Deelnemer: Daar's net een ding.

Lelanie: Julle elkeen maak julle eie, julle eie illustrasie maak, van hoe julle alleenheid ervaar.

Deelnemer: Nee, ons gaan so in 'n groep werk. Hulle, hulle sien dit anderster as ons.

Deelnemer: Ok, wie gaan bou…

Lelanie: Wat is oom besig om te maak?

Deelnemer: Ek weet nog nie.

Lelanie: Dink oom nog 'n bietjie?

Deelnemer: Ja.

Deelnemer: Waar gaan jy heen, ons maak nou huis toe gaan, ok?

Deelnemer: Ek het 'n probleem.

Deelnemer: Ons maak nou huis toe gaan. Die's my stoel.

Deelnemer: Die's 'n stoel. En 'n trok.

Deelnemer: Mag ek gou die stokkies korter breek.

Deelnemer: Kom, kom, kom.

Deelnemer: Hy's so met sy mosaïek werk, nou kan hy dit nie doen nie.

Deelnemer: Wie?

Deelnemer: Teuns.

Deelnemer: Hy probeer nou weer onnosel lyk.

Deelnemer: Kyk dis jou tronk en dis jou stoel….Want eensaamheid is 'n stoel sit of 'n bed lê.

Deelnemer: Dit maak jou, dit maak jou eensaam, want jy kan nie altyd kommunikeer soos dit wil nie.

Deelnemer: Jy kan nie vir ander mense vertel hoe eensaam jy is nie.

Deelnemer: Jy kan nie. Dit is onmoontlik.

Deelnemer: Want almal vat dit nie dieselfde manier nie.

Deelnemer: Ja.

Vera: Julle moet, elkeen moet 'n eie een maak.

Deelnemer: Wag, ek gaan nou 'n ander plan maak. Huh?

Deelnemer: Dis maar 'n skewe stoel van my, hoor.

Hennie: Ja goed, ek moes sommige goed agterlaat, maar dis 'n nuwe lewe. As ek vir julle regtig moet vertel hoe ek geleef het, is dit 'n nuwe lewe. Waar mens kan lag.

Vera: Mm

Hennie: Daar's baie ou mense wat snaaks is. Ek het partykeer onderlangs gelag. Hul optrede is partykeer histeries snaaks. Ek sien miskien…my humorsin is dalk anders as die ander mense s'n, maar uh,…mens moet voortgaan. Voortgaan, en ek glo dit gaan net kleur wees vorentoe vir my.

Vera: Baie dankie. En ek wil weer beklemtoon, as ons oor eensaamheid praat dan, dit is goed wat diep binne ons sit, dis swaar, dis moeilik, en trane is, is 'n verstaanbare deel daarvan. Trane is partykeer 'n manier om gesond te maak, om beter te maak. So dankie. Ons kom weer terug na joune toe, baie dankie.

Vera: Magriet. Marietjie, ekskuus, Marietjie. …. Vertel vir ons wat het jy gemaak. En as julle wil sien is julle welkom om te kom kyk.




Marietjie: Dis 'n graf.

Vera: 'n Graf. Dit was die begin van my eensaamheid en alleen lewe. En dis een van die dae 7 jaar en dis vir my nog te moeilik om regtig te kan aanvaar en uit te leef. En net twee jaar na my man se dood, toe is my kind dood. So dit is net, dit is al in my lewe wat vir my swaar, eensaamheid was.

Vera: So, direk na jou man se dood is jou kind ook dood?

Marietjie: Ja.

Vera: En dis vir jou, waar dit by die graf.

Marietjie: Ja, dis by so 'n graf waar my alleenheid en eensaamheid begin het.

Vera: En nog steeds aanhou.